

Tema: In afwagting op sy koms as Koning...

Woordbediening: Lukas 19:11-27

Om hierdie gelykenis en die betekenis wat dit vir ons het te verstaan, gee ons aandag aan die volgende hoofdele daarvan:

- Die aanleiding tot die gelykenis
- Waar pas Jesus is?
- Waar pas ons in?
- Wat vind Hy by sy terugkeer?
- Wat doen Hy by sy terugkeer?

Die aanleiding tot die gelykenis

“...aangesien hulle naby Jerusalem was en hulle gedink het die koninkryk van God sou nou enige oomblik kom.”(v 11)

Soos wat Jesus en sy dissipels al nader aan Jerusalem beweeg het, het die mense al meer gehoop dat Hy in Jerusalem iets magtigs gaan doen om die lankverwagte koninkryk van Israel uit te roep. Selfs sy dissipels het nog nie begryp dat Jesus se koninkryk nie onmiddellik gaan kom nie (vgl. Luk 24:21) en dat sy verlossing nie polities of militêr gaan wees nie.

Hy vertel dus die gelykenis om hulle verkeerde verwagtings reg te stel.

Waar pas Jesus in?

Hy vergelyk Homself met iemand van adellike afkoms wat na 'n ver land moet reis om as koning aangestel te word. Dit het in daardie tyd gereeld gebeur dat sulke mense na die Keiser in Rome gaan om so 'n aanstelling te bekom. Jesus se “reis na 'n ver land” sluit in sy lyding en kruisiging wat voorlê, maar ook en veral sy hemelvaart en terugkeer na die Vader waar Hy moet wag tot al sy vyande aan Hom onderwerp is (Hand 2:35).

Hy berei hulle dus daarop voor dat Hy lank weg gaan wees. Dit strook ook met Mat 25:5 en 25:19 ens. As ons ongeduldig raak en begin wonder of Hy ooit sal terugkeer moet ons dit onthou.

Waar pas ons in?

In die gelykenis gee die man aan tien van sy werkers elkeen 'n goue muntstuk. Die waarde van die muntstuk is ongeveer gelyk aan 100 dae se loon. Almal kry presies dieselfde bedrag. Dit stel die evangelie as geldstuk met groot waarde voor. Elke gelowige ontvang dit as 'n geskenk van Hom, almal ewe veel.

Almal ontvang ook dieselde opdrag: “Dryf handel daarmee totdat ek kom.”(v 13) Jesus se belange moet hier op aarde uitgebrei word met die “geld” wat Hy vir ons agterlaat: die verkondiging en uitleef van sy evangelie.

Wat vind Hy by sy terugkeer?

Die antwoord van die eerste twee slawe is opvallend dieselfde: “*Meneer, u muntstuk het tien/vyf muntstukke opgelewer.*” Hulle rapporteer nie oor wat hulle gedoen het nie, maar oor wat sy evangelie vermag het. Die derde een van “*Ek het dit... want ek was bang... want u is 'n harde man.*” Die klem wat hy gelê het op wat hyself gedoen het, en sy vrees vir die eienaar het hom vrugteloos gemaak.

Wat gaan die Here by ons vind as Hy weer kom? Gaan Hy vind dat sy evangelie/woord so in en deur ons gewerk het dat sy koninkryk hier op aarde uitgebrei het terwyl Hy weg was? Of gaan Hy vind dat ons in stryd met sy opdrag dit vir onself gehou het en niks daarmee gedoen het nie?

Wat doen Hy by sy terugkeer? En wat moet óns doen?

Hy *beloon* dié wat getrou was met die uitdeling van sy genade. *Hou aan om die evangelie van genade uit te leef en uit te dra.*

Hy *veroordeel* dié wat hulle eie kop gevolg en die genade-boodskap weggesteek het. *Bekeer jou opnuut tot die Here en luister na Hom.*

Hy laat sy *vyande summier doodmaak*. Hierdie vyande is enigeen wat Hom nie as Koning wil erken of eer nie. *Onderwerp jou aan Hom voor dit te laat is.*